

AFFIE-ARTES



AFFIE-ARTES

GESKIEDENIS

Die Affie-Artes is sedert 1991 die gesamentlike kunstefees van Afrikaanse Hoër Seunskool en Afrikaanse Hoër Meisieskool.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Hierdie kompetisie gee alle seuns die geleentheid om by talle kultuuraktiwiteite, op individuele basis of in groepsverband, betrokke te wees. Die fees word met 'n gala-aand, waar-tydens kategoriewenners vermeld word, afgesluit. By hierdie spogfunksie word die skool se Senior Victor Artium en Junior Victor Artium ook aangewys.

KATEGORIEË

Toneel	Kreatiewe skryfwerk	Vasvra
Sang	Musiek	Dans
Voordrag	Gasvryheid	Potjiekos
Kuns		

NAVRAE

Erika Swanepoel: erika.swanepoel@affies.co.za
012 344 3805 (skoolure)

BRAAIMEESTER



GALA-AAND



ATLETIEK EN LANDLOOP



ATLETIEK EN LANDLOOP

GESKIEDENIS

Affies het vir die eerste keer in 1926 'n atletiekbyeenkoms aangebied. Die skool het sy eerste Springbok-atleet, Eric Grimbeek, in 1936 opgelewer.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Die jaarlikse interhuis (saam met die Afrikaanse Hoër Meisieskool) en die Affie-spele bied geleentheid vir alle seuns om aan atletiek deel te neem. Die skool het 'n A- en 'n B-span. Elke span bestaan uit ongeveer 60 tot 70 lede.

OPPONENTE VAN DIE AFGELOPE TWEE JAAR

Grey Kollege, Boys High, Zwartkop, Menlopark, Waterkloof, Garsfontein, Montana, Oos-Moot, Monument, Kemptonpark, E.G. Jansen, Noordheuwel, Nelspruit, Helpmekaar, verskeie ander.

PRESTASIEREKORD

- In 2019 wen Affies die Top-10-byeenkoms, Hoërskool Uitsig-aflosbyeenkoms, Florida-byeenkoms, Pretoria A-Interhoër, die NWU PUK-Interhoër vir A-spanne en die NWU PUK Top-30 in Potchefstroom.
 - In 2020 wen Affies die Top-10-byeenkoms, Hoërskool Uitsig-aflosbyeenkoms, Florida-byeenkoms, Pretoria A-Interhoër en die NWU PUK-Interhoër vir A-spanne. Elf atlete neem aan die Gauteng Skolekampioenskap deel en verower twee goue, drie silwer- en twee bronsmedaljes.
- In 2022 wen Affies die Tuks Top-10-byeenkoms, Pretoria A-Interhoër en die NWU PUK-Interhoër vir A-spanne. Elf atlete neem aan die Gauteng Skolekampioenskap deel en verower twee goue, drie silwer- en twee bronsmedaljes. By die Suid-Afrikaanse skolekampioenskap het twee atlete goue medaljes verower.
 - In 2023 kraai Affies koning in die seuns-afdeling by die Pretoria A-Interhoër, die NWU PUK-Interhoër asook die Top 10-byeenkoms.
- In 2024 wen AHS weereens die seuns-afdeling by die Pretoria A-Interhoër, die NWU PUK-Interhoër, die Top 10-byeenkoms in Naboomspruit asook die NWU TOP 30 in Potchefstroom.
 - In 2025 wen Affies die Pretoria A-Interhoër en die NWU PUK-Interhoër vir A-spanne. 25 atlete neem aan die Gauteng Skolekampioenskap deel en 16 word gekies vir die SA kampioenskappe waar hulle nege medaljes verower – vier goud, twee silwer en drie brons. 'n Bronsmedalje word by die SA Skolekampioenskap verwerf.

BYEENKOMSTE

EERSTE KWARTAAL

Affies neem aan vier vriendskaplike byeenkomste (massadeelname) deel. Daar is 'n Top-10-byeenkoms waaraan die topatlete deelneem, asook 'n aflos-byeenkoms met die A-, B- en C-span. Ons neem deel aan drie interhoërkompetisies, naamlik Pretoria Interhoër, NWU PUK (A) Interhoër en die NWU PUK-Interhoër vir B-spanne.

DERDE KWARTAAL

Affies se atletiekspan neem aan twee vriendskaplike byeenkomste teen spanne van Engelse seunskele deel.

VIERDE KWARTAAL

Gedurende die vierde kwartaal is daar een massabyeenkoms, naamlik die Grey Kollege Prestige-byeenkoms. Ons neem ook aan die Top-10-byeenkoms op Naboomspruit, die Top-12 op Pilditch en die Top-30 op Potchefstroom deel.

AFFIES LEWER TOPATLETE OP – NASIONALE KLEURE

- 2017 Frederich Pretorius: 10 Kamp

2018 - Constant Pretorius is ingesluit in Suid-Afrika se span vir die Gold Coast Statespele in Australië.

- Pieter Conradie is Suid-Afrikaanse kampioen in die 400 m.

- Fredriech Pretorius is tydens die Suid-Afrikaanse Senior Atletiekkampioenskap in Maart as die nasionale kampioen in tienkamp gekroon.

2019 Affie-atlete het veertien medaljes by die Suid-Afrikaanse Skolekampioenskap en die
- Suid-Afrikaanse Jeug- en Junior Kampioenskap verower.

- Eckhart Potgieter is ook ingesluit in die Suid-Afrikaanse oefengroep met die oog op deelname aan die Afrika Jeugbyeenkoms.

2020 Elf atlete neem aan die Gauteng-skolekampioenskap deel en verower twee goue, drie silwer- en twee bronsmedaljes.

2023 Veertien Affie-atlete het die provinsie by die Suid-Afrikaanse
- Kampioenskap verteenwoordig.

- Johandre Pienaar: Spiesgooi

- Eckhard Potgieter: 100 m en 4x100 m aflos

2024 Agtien atlete is na die Suid-Afrikaanse Kampioenskap, waar vyf goud en vier silwer medaljes ingepalm is.

- Luan Munnik: 800 m/1 500 m

- Divan de Vries: Driekamp

- Edmund du Plessis: 800 m

- Duncan Robertson: Spiesgooi

- Hencu Lamberts: Gewigstoot en Diskus

LANDLOOP

In 2018 is ses landlopers gekies om die provinsie by die Suid- Afrikaanse Kampioenskap te verteenwoordig en in 2019 vier. Die 2020-landloopseisoen is vanweë Covid-19 gekanselleer. In 2021 het die junior A-span die tweede plek by die landloop-aflosbyeenkoms behaal en die senior span die derde plek. Nege atlete verteenwoordig Gauteng by die Suid-Arikaanse Landloopkampioenskap in 2022 en in 2023 ding 12 Affies by die SA's mee, met Emil Els wat uiteindelik as o.14 Suid Afrikaanse kampioen gekroon word.

NAVRAE

ATLETIEK

Jan Grabie: jan.grabie@affies.co.za

LANDLOOOP

Wiam Grimes: wiam.grimes@affies.co.za
Tel: 012 344 3805 (skoolure)

FLETSRY



FIETSRY

GESKIEDENIS

Affie-fietsry is sedert 2013 'n amptelike skoolsport en die span neem aan die Gauteng Skole-reeks deel. Van 'n nederige begin met slegs 7 ryers, groei die sport jaarliks en kwalifiseer sedert 2014 om deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Bergfietsry kampioenskap

Die Affie-span se amptelike fietsrydrag is die tradisionele groen trui, swart broek en eie aan Affies, groen kouse. Die eerste span ry met die Wit trui en staan as die Witspeke bekend.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Daar word voorsiening vir alle fietsryers, ervare en onervare, gemaak. Gedurende die eerste, tweede en derde kwartaal word daar aan interskole en die skolereeks deelgeneem.

TOERNOOIE EN TOERE

By die Gauteng Skolereeks neem Affies saam met meer as 72 skole deel. In 2016 en 2019 wen Affies die seunsafdeling van die Gauteng Spur-skolereeks. Vanaf 2022 tot 2024 beklee Affies ook die eerste plek op die punteleer van die Cycle Lab High Schools MTB liga.

Tydens die Nasionale Kampioenskap van 2024 eindig Affies in die derde plek. Affies het reeds nege provinsiale en een nasionale ryer opgelewer.

Die fietsryspan neem tydens die jaarlikse interskole teen Grey Kollege en Maritzburg College deel. Daar word ook fietsrykampe op die Skoolplaas buite Waterval-Onder aangebied.

NAVRAE

Tobias Lubbe: tobias.lubbe@affies.co.za

Jan-Albert de Kock: janalbert.dekock@affies.co.za

Tel: 012 344 3805 (skoolure)



Eerste span, 2024



Spur-skolereeks 2017



Fietsrykamp, 2025



GHOLE



GHOLF

GESKIEDENIS

Die Afrikaanse Hoër Seunskool speel sedert 1973 op 'n georganiseerde basis gholf.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

Affies speel regdeur die jaar gholf. Agt spanne word in die ligas ingeskryf. Gedurende die tweede kwartaal word die Affie-kampioenskap aangebied waaraan ongeveer 70 seuns in verskillende afdelings deelneem.

OPPONENTE VAN DIE AFGELOPE TWEE JAAR

Maritzburg College, Clifton College, Grey Kollege, Paul Roos Gimnasium, Paarl Boys' High School, Kearsney College, Grey High School, Michaelhouse, Paarl Gimnasium, Hilton College en Pretoria-skole, soos Waterkloof en Pretoria Boys High.

TOERNOOIE EN LIGAS

Vier junior spanne neem aan die Johannesburg skoleliga deel.

Gedurende die eerste en tweede kwartaal speel die skool in die Voorsitterstrofee-liga, en tydens die derde kwartaal neem Affies aan die Gauteng-Noordliga deel. Gedurende die April-vakansie nooi die skool jaarliks die topgholfskole uit om aan die Affie-gholftoernooi wat op vier bane gespeel word, deel te neem. Die skool neem ook jaarliks aan die Grey High School Festival of Gholf, die Woodlands Junior Meesterskampioenskap en toernooie soos Steyn City Gholf Kampioenskappe en ook die Dainfern Gholftoernooi. Gholf word ook ingesluit in die derbies teen Grey Kollege, Maritzburg College en Paarl Gimnasium.

PRESTASIEREKORD

Twee en sewentig Affie-spelers het reeds hul provinsiale kleure op skolevlak verwerf.

AHS wen die Voorsitterstrofee-liga in 2016, 2018 en 2019 en die Gauteng-Noord-liga in 2018, 2019 en 2022. In die B- en C-afdelings het AHS jaarliks spanne in die finale. Die Woodlands Junior Meesterskampioenskap word in 2016, 2018, 2019 en 2021 deur Affie-spanne gewen. Die spanuitdaagtoernooi is die laaste ses jaar deur AHS ingepalm.

Affies se junior spanne neem jaarliks aan die Grey High School Festival of Golf deel en eindig in die top drie van hierdie toernooi die afgelope vier jaar.

Affies se eerste span kwalifiseer vir die afgelope agt jaar om Gauteng-Noord by die SA Skole-toernooi te verteenwoordig.

AFFIES LEWER TOPGHOLFSPELERS OP

Agt oud-Affies het Suid-Afrika al op die gholfbaan verteenwoordig. George Coetzee neem aan die Europese toer deel. Verskeie oud-Affies is beroepspelers wat in die Sondag-reeks speel. Chrisjan Maas is in 2021 die SA Amateur Kampioen en die nommereg-speler op die SA Amateur Ope-ranglys. Nog sewe Affies en oud-Affies is onder die Top-100-spelers op die SA Amateur Ope-ranglys.

NAVRAE

Stephan Meyer: stephan.meyer@affies.co.za



2024-span

GYMNASIUM



GIMNASIUM

GESKIEDENIS

Die eerste opeluggimnasium is in 1959 langs die skool se swembad gebou. 'n Sportsaal is in 1994 voltooi en is sedertdien tot 'n volwaardige gimnasium ontwikkel.

VISIE

Optimale fisieke ontwikkeling van Affie-seuns en die vaslegging van 'n kultuur van gesondheid, uitnemendheid en sportprestasie.

LIDMAATSKAP

Daar is jaarliks 'n gemiddeld van 500 ingeskrewe lede by die gimnasium. Enige Affie-seun, nie net sportmanne nie, is welkom om aan te sluit en van die fasiliteit gebruik te maak.

DIENS

Rehabilitasie na beserings word onder toesig van biokinetici gedoen. Eksterne skakeling met mediese personeel, insluitende ortopede, dokters en fisioterapeute.

Wetenskaplike programme word deur opgeleide personeel opgestel. Dié span bestaan uit biokinetici en sportwetenskaplikes.

Op junior vlak word algemene kondisioneringsprogramme gevolg om te verseker dat alle aspekte van fisieke en biomeganiese ontwikkeling by die seuns plaasvind om beserings te voorkom.

Op senior vlak is die fokus van die programme steeds op voorkoming van beserings en biomeganiese ontwikkeling. Hier word sportspesifieke behoeftes egter in ag geneem vir optimale sportprestasie.

APPARAAT

Die toerusting in die gimnasium word voortdurend aangevul en opgegradeer om met nuwe oefentendense by te hou. Wetenskaplike oefenmetodes word verseker deur gebruik te maak van toerusting soos Watt Bikes, Forcedecks en GPS.

NAVRAE

Justin Swan: justin.swan@affies.co.za



HOKKIE



HOKKIE

GESKIEDENIS

Die Afrikaanse Hoër Seunskool bied sedert 1994 hokkie amptelik as skoolaktiwiteit aan.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

Affie-hokkie se doelwit is om die beste moontlike blootstelling en ervaring aan Affie-spelers, afrigters en ondersteuners te verskaf. Affies akkommodeer jaarliks ongeveer 280 spelers in die onder 14A- tot D-, 16A- tot H-span en senior spanne eerste tot sesde span.

Die hokkieprogram word deur mnr. Colin Mendoza (hoof van hokkie) gelei wat op provinsiale asook nasionale vlak afgerig het. Elke hokkiespan het 'n personeellid en 'n eksterne afrigter wat tans hoëvlakhokkie speel. Dit verseker dat al Affies se hokkiespelers aan huidige tendense in die spel blootgestel word. 'n Periodiseringsplan is opgestel om te verseker dat fisiese, tegniese, taktiese en sielkundige fasette aandag kry.



Eerste hokkiespan: 2024

FASILITEITE

Die skool het een watergebaseerde sintetiese astro-veld wat dit met Afrikaanse Hoër Meisieskool deel en een grasveld. Affies het in 2017 'n mini-astro gebou waarop vaardighede, doelwagter- en korthoekkie-sessies geoefen word.

Krag en kondisionering speel 'n belangrike rol in die sukses van ons seuns se ontwikkeling. Alle sessies word deur mnr. Justin Swan, tans afrigter van die o.21 SA-manshokkiespan, in die skool se gimnasium gelei.

OPPONENTE

Affies ding teen al die Pretoria-skole mee en speel ook wedstryde teen onder andere Paarl Gimnasium, Grey Kollege, Maritzburg College, KES en Jeppe. Sedert 2020 neem die skool in die laaste week van die eerste kwartaal aan die Noord-Gauteng Bekercompetisie deel.

TOERNOOIE EN TOERE

Affie-hokkie onderneem verskeie toere tydens die Paasskool-vakansie. Die eerste, o.16A- en o.14A-span neem deel aan die Founders Festival en die St Stithians Easter Festival, terwyl die o.16B- en o.14B-span deelneem aan die Northwood Ken Florens-fees en Mercian Jeppe-fees.

Affies is sedert 2012 'n permanente lid van die Founders Festival. Dit neem die o.19A-, o.16A- en o.14A-span na jaarlikse toernooie teen onder andere Northwood (Durban), Paul Roos Gimnasium (Stellenbosch), Kearsney College (Durban), Dale College (King Williamstown), Rondebosch en SACS (albei in Kaapstad).

NUWE VERWIKKELINGE

- AHS het amptelike doelwagter- en 'dragflicking'-afrigters aangestel vir die seuns wat hierdie belangrike vaardighede moet ontwikkel.
- 'n Telbord met 'n videotoring is geïnstalleer.
- 'n Kondisioneringsprogram en video-analiseprogram is vir die eerste, tweede, o.16A, o.16B, o.14A en o.14B spanne in gebruik geneem.

PROVINSIALE SPELERS

Sedert 2016 is 72 spelers vir Noord-Gauteng-spanne gekies om die provinsie by interprovinsiale toernooie te verteenwoordig.

NAVRAE

Colin Mendoza: colin.mendoza@affies.co.za
of 012 344 3805 (skoolure)



JUKSKEI



JUKSKEI

GESKIEDENIS

Die simboliese Ossewatrek van 1938 om die Groot Trek-eeufees te vier, het 'n nuwe belangstelling by die Afrikaner in sy kultuurgoodere, waarvan jukskei een was, wakker gemaak. By Affies het die seuns en die personeel ywerig aan vriendskaplike byeenkomste deelgeneem en skole soos Helpmekaar en Hoërskool Rustenburg is die stryd aangesê. Die skool se eerste amptelike jukskeilaer is egter eers in 1941 gestig. In 1943 is die skolekompetiese in 'n junior en 'n senior liga verdeel om meer leerlinge die geleentheid tot deelname te gee. In 1944 het jukskei deel van die skool se interhuiskompetiese geword en in 1946 het AHS en AHMP vir die eerste keer 'n gemengde span saamgestel. Na 1956 het die spel egter aanhang onder die seuns begin verloor en kort daarna van die Affie-toneel verdwyn. In 2008 het die spel by die skool herleef.



Eerste Jukskei-span, 2024

PRESTASIEREKORD

- 2018 Twee spelers was in die provinsiale span. Beide word tot die nasionale en akademie-span verkies. Een speler in die nasionale span het 'n toets teen Namibië gespeel.
- 2019 Sewe spelers was in die provinsiale span. Een speler was in die nasionale span wat 'n toets teen Namibië gespeel het
- 2020 Covid-19
- 2021 Covid-19
- 2022 Vier spelers was in die provinsiale span. Een speler was in die nasionale span wat 'n toets teen Namibië gespeel het. Een speler was in die Akademie-span.
- 2023 Drie spelers verwerf provinsiale kleure en een, FC Louw, nasionale kleure. Hy is in die SA-Akademie-span ingesluit
- 2024 Drie spelers verwerf provinsiale kleure, Johan Nortje (Noord-Gauteng), Eben Gloy (Noord-Gauteng) en Rudolf Jonker (Noodwes). Twee spelers verwerf nasionale kleure. Johan Nortje is by die SA o.16-span ingesluit en Eben Gloy by die SA Akademie uitnodigingspan.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Daar is 'n o.16 en 'n oopspanliga maar alle ouderdomme word aangemoedig om deel te neem.

OPPONENTE EN TOERNOOIE

Affies kompeteer teen talle skole in Gauteng. Voor die afskop van die skoleliga is daar 'n paar vriendskaplike wedstryde. Die Gauteng-Noord-Skoleliga vind jaarliks gedurende September plaas. In die eerste week van Desember vind die SA-skoleturnooi in Kroonstad plaas, waar die nege provinsies kragte meet.

FASILITEITE

Affies beskik oor vier van sy eie jukskeibane. In 2012 het AHS 20 ander skole vir die Suid-Afrikaanse Skoleturnooi ontvang.



NAVRAE

Bernard van der Merwe: Bernard.vandermerwe@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

KOOR



GESKIEDENIS

Nadat die skool in 1923 'n klavier aangeskaf het, is 'n sangklas ingestel en kon die skool sy eerste kooraand in 1924 aanbied. In 1932 het die koor vir die eerste keer aan die Afrikaanse Kunswedstryd deelgeneem, wat in dieselfde jaar tot stand gekom het. Die Affiekoor het daarna gereeld by belangrike geleenthede in ons geskiedenis opgetree, soos die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument (1938), die Van Riebeeckfees (1952), die Uniefees (1960), Republiekwording (1961), ens. In 1972 is die eerste opname vir die SAUK gemaak en uitgesaai. Sedert die 1980's het die koor aan die ATKV Applous en die Direkteurstrofeekompetisie deelgeneem.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Die Affiekoor bestaan uit sowat 90 lede van graad 8 tot 12. Voornemende Affies lê reeds aan die einde van hulle graad 7-jaar oudisies af en suksesvolle kandidate word genooi om by die eerste koorkamp van die jaar en by oefeninge in te skakel.

TOERGELEENTHEDE EN OPTREDES

Die koor neem jaarliks aan minstens twee koorfeeste en kompetisies deel, sowel as aan interkultuurkonsertere saam met Grey Kollege, Maritzburg College en Hoërskool Waterkloof. Die Affiekoor tree ook gereeld op uitnodiging by ander geleenthede in die gemeenskap op.

Binnelandse toere word dikwels onderneem en die koor het ook al verskeie buitelandse toere (1996, 2000, 2004, 2008, 2012) agter die rug.

PRESTASIEREKORD

2024	Pretoria Eisteddfod ATKV Applous	Kategoriewenner A++ (Seunsafdeling) Goue toekenning, Kategoriewenner Seunsafdeling, Algeheel tweede plek by finaal
2023	Pretoria Eisteddfod ATKV Applous	Kategoriewenner A++ (Seunsafdeling) Goue toekenning asook Kategoriewenner van die Seunsafdeling by die finaal
2022	Pretoria Eisteddfod ATKV Applous	Kategoriewenner A++ (Seunsafdeling) en Algehele wenner Goue toekenning by finaal
2020 tot 2021	Geen deelname weens Covid-19	
2019	Pretoria Eisteddfod	Kategoriewenner A++ (Seunsafdeling)
2018	Pretoria Eisteddfod ATKV Applous Streekfees Wêreldkoorspele in Suid-Afrika	Kategoriewenner A+ (Seunsafdeling) Goue toekenning (geen finaal as gevolg van Wêreldkoorspele) Goue medalje en 'n tweede plek in die Jongmanne-koorafdeling

INTERNASIONAAL

2004	Kategoriewenner van die Jongmanne-koorafdeling by die Wêreldkoorspele in Bremen, Duitsland
2008	Twee goue medaljes by die Wêreld-koorspele in Graz, Oostenryk
2012	Wenner van die volksmusiekafdeling by die Llangollen Wêreld Eisteddfod in Wallis en behaal ook 88,3% in die mannekoorafdeling
2018	Goue medalje en tweede plek in die Jongmanne-koorafdeling by die Wêreldkoorspele in Pretoria

KONTAK

Estelle Matthee: estelle.matthee@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)



SOUTH KOS



KOSHUIS

GESKIEDENIS

Die skool se eerste seunskoshuis, 'n woonhuis wat in Prinsloostraat gehuur is, het sy deure in 1922 geopen. 32 seuns is hier gehuisves. Die eerste koshuis op die skoolterrein is in 1929 gebou. In 1969 is 'n tweede koshuis, Huis Frank le Roux, ingewy. In 1993 is twee blokke aangebou om 'n addisionele 116 seuns te akkommodeer.

Huis Kruger, 'n nuwe koshuis in Arcadia, is vanaf Januarie 2016 in gebruik. Daar kan 18 graad 9-seuns woon. Hierdie seuns pendel daaglik na die skool, eet saam met al die ander seuns in die koshuis en skakel normaal by buitemuurse aktiwiteite in.

HUIS FRANK LE ROUX EN HUIS PANNEVIS

Die koshuis huisves tans 340 seuns, waarvan 75 graad 8's is. Graad 8-leerlinge woon apart en word in die skool se oudste koshuis, Huis Pannevis, asook 'n nabye anneks gehuisves, waar die koshuis-onderhoofseun en sewe prefekte 'n wakende oog hou. Leerlinge in ander grade, asook die koshuishoofseun, woon in Huis Frank le Roux in graadverband per gang. Elke gang het 'n voog en prefek. Al die kosgangers maak van dieselfde eetsaal gebruik.

INSKAKELING EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Graad 8's deurloop 'n oriënteringsprogram wat daarop gemik is om hulle inskakeling te vergemaklik voordat die skool vir ander leerlinge in Januarie open. Om deelname te bevorder, word daar van alle kosgangers verwag om by minstens een buitemuurse skoolaktiwiteit per kwartaal in te skakel.

ONTSPANNINGSAAL

Huis Frank le Roux beskik oor 'n ontspanningsaal wat toegerus is met 'n televisie, tafelsokker en biljarttafel. Daar is Wi-Fi beskikbaar. Die rekenaars van die mediasentrum (skool) kan deur koshuisleerlinge gebruik word.

STUDIE Om studie-etiket vas te lê, studeer die graad 8's en 9's saans onder toesig in studielokale.

DIE KOSHUISLEWE

Die kragmetings tussen Koshuis en Dorp (die dagskoliere) op talle terreine van die skoollewe is hoogtepunte op die Affie-kalender. Die eerste kragmeting van die jaar is die atletiekinterhuis waartydens die koshuis die spanne van die dagskoliere die stryd aansê. Later in die jaar ding die koshuisspan en die dorpspan ook in ander aktiwiteite mee: swem, rugby, krieket, waterpolo, hokkie en gholf.

Dan word daar ook kwartaalliks in gangverband teen mekaar deelgeneem. Aktiwiteite soos sokker, raakrugby, waterpolo en boeresport sorg vir groot vermaak, en gange kry die geleentheid om samehorigheid en gees te bevorder, terwyl die welstand van seuns ook aandag geniet.

Gesamentlike sosiale geleenthede word vir die kosgangers van AHS en AHMP gereël en die seuns word toegelaat om laatmiddag by vriendinne by die meisieskoshuis te gaan oë wys.

Koshuisleerlinge word hartlik uitgenooi om by die gemeente-aktiwiteite van die Ooskerk in te skakel.

Die koshuis sou dwarsdeur die geskiedenis 'n beduidende rol speel om 'n besondere etos in die skool te help skep. SJ Roos, 'n oudleerling uit die 1930's, vertel hoe die koshuisseuns reeds tóe soos "vriende en broers" saamgeleef het. Tot vandag toe is dit waar – dáárvan sal enige Affie getuig.



NAVRAE

Jaco Koch (Koshuishoof): Jaco.koch@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

Vir meer inligting: <https://www.affies.com/koshuis/>

KRICKET



KRIEKET

GESKIEDENIS

Krieket is vir die eerste keer op 'n georganiseerde basis in 1952 by die Afrikaanse Hoër Seunskool gespeel. In 1953 lewer Affies die eerste Afrikaanssprekende krieketspeler vir die Noord-Oos Transvaalse Nuffieldspan op.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

Meer as 220 seuns word jaarliks in Affies se 20 krieketspanne opgeneem – onder 14A tot G, 15A-E en eerste tot agtste span. Krieket word in die eerste, derde en vierde kwartaal aangebied en ongeveer 350 wedstryde word gespeel. Daar word hoofsaaklik in die Pretoria- en Johannesburgligas meegeding, maar talle wedstryde word ook elders in die land gespeel. Intensiewe winterprogramme word gedurende die afseisoen vir alle ouderdomsgroepe aangebied. Programme word vir spanne uitgewerk wat alle aspekte van krieket behels – kolfwerk, boulwerk, veldwerk, psigologies en fisiologies. Affies begin in 2020 'n krieketakademie vir laerskoolseuns en alle Affie-seuns wat belangstel.

AFRIGTERS

Affies het tans 20 CSA geakkrediteerde afrigters – sewe met CSA vlak 1, tien met CSA vlak 2- en drie met CSA vlak 3-kwalifikasies.

TOERNOOIE EN TOERE

Die eerste span sowel as die o.15's neem vroeg in die jaar aan die Cape Peninsula feestoernooi deel. Aan die einde van die eerste kwartaal toer die eerste, tweede, o.14A- en o.15A-span na Kaapstad om met Paul Roos Gimnasium, Wynberg Boys' en Rondebosch Boys' kragte te meet. In September speel die eerste span in die Michaelmas Feesweek (die oudste krieketweek in die land) by Maritzburg College, die o.15A's in die Grey High Feesweek en die o.14A's in die Charl van Rooyen Feesweek wat elke jaar deur een van die deelnemende skole aangebied word. Toere vir B-spanne word jaarliks gereël.

AFFIES LEWER TOP KRIEKETSPELERS OP

Die skool het reeds die volgende internasionale krieket-spelers opgelewer.

Proteas

- AB de Villiers, Francois (Faf) du Plessis, Jacques Rudolph, Heino Kuhn en Rassie van der Dussen, Dewald Brevis en Ruan de Swardt
- AB en Faf behaal die uitsonderlike prestasie om aangewys te word as kaptein van Suid-Afrika in al drie die formate T20, 50 beurt-eendagwedstryde en toetskrieket.

Namibië

- Ruben Trimpelmann

Nederland

- SA Engelbrecht

Nieu-Seeland

- Kruger van Wyk en Neil Wagner

FASILITEITE

- Affies beskik oor 15 nette waarvan ses met spreiligte toegerus is. Die A-spanne gebruik Harlequins Krieketklub se turfnette.
- Daar is twee krieketvelde op die skoolterrein met 'n klubhuis wat altwee velde diens. Die A-veld het ses kolfblaaie en die B-veld twee.
- Affies het ook gebruiksreg van Pretoria Rugbyklub se twee krieketvelde. Die A-veld het drie kolfblaaie en die B-veld het twee.

OPPONENTE

Buite Pretoria speel Affies jaarliks teen skole soos Grey High School (PE), SACS, Rondebosch, Durban High School, St John's, King Edward VII School, St. Stithians, St Benedict's, Paul Roos, Wynberg, Paarl Boys High, Maritzburg College, Hilton, Westville, Glenwood, Grey Kollege, Kearsney College, St Charles, Bishops en vele meer.

PRESTASIEREKORD

Affies is tans een van die beste krieketskole in die land. Die AHS-spanne is gereeld onder die top 10 op die ranglys vir hoërskolekrieket.

Die afgelope 15 jaar het die skool 15 spelers vir die SA Skolespan, 14 SA o.19-span en ses vir die SA Colts opgelewer. Talle oud-Affies speel tans "franchise-krieket", senior provinsiale krieket, universiteits- en klubkrieket.

NAVRAE

Pieter Cronjé: pieter.cronje@affies.co.za

Tel: 012 344 3805 (skoolure)



LIENSOULS



LIG EN SOUT

LIG

GESKIEDENIS

Affies se Christen Studentevereniging bestaan reeds sedert die vroeë 1920's en word gevolglik as een van die skool se oudste kultuur-bewegings geken. Talle oud-Affies kan getuig van die impak van die VCSV (Verenigde Christen Studentevereniging) in hul lewens en baie het ook tot bekering gekom en in hul geloof in Jesus Christus gegroei. Affies se VCSV-beweging staan as LIG (Lewe in God) bekend en spruit voort uit die woorde van Ps. 36:9: "U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons"

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Alle seuns is welkom om by LIG-byeenkomste in te skakel. Daar word elke Maandag tydens pouse vergader om aktuele geloofstemas te bespreek wat geestelike groei tot gevolg het. Ander geleenthede vir deelname sluit in die VCSV Winkelspruit-kamp wat gewoonlik in gemeenteverband tydens die Septembervakansie plaasvind.



SOSIALE AKSIES

LIG poog om een keer per kwartaal bymekaar te kom vir 'n sosiale geleentheid. Geleenthede wissel tussen lof- en aanbiddingsgeleenthede tesame met 'n spreker wat 'n relevante geestelike boodskap bring en flik-aande waar 'n geestelike film gekyk en bespreek word. Die nabye enkelgeslag buurskole (AHMP, PBHS en PHSG) word ook vir interaksie na die geleenthede genooi.

NAVRAE Jared de Beer: jared.debeer @affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

SOUT-AKSIES

Affies se seuns is by talle plaaslike welsynsorganisasies betrokke om aan die behoeftiges in ons nabye omgewing ondersteuning te bied. Hierdie aksies staan as "Sout" bekend. Projekte sluit onder andere 'n voedingskema in, wat daaglikse kos aan kinders van 'n behoeftige laerskool in Pretoria voorsien. Hierdie skema staan as die 360-Projek bekend. Ander liefdadigheidsprojekte sluit in:

- Kaalvoetdae (Februarie en September) waar seuns 'n minimum van R15 betaal om vir die dag kaalvoet skool toe te kom. Fondse word onder andere aan CHOC (Childhood Cancer Foundation South Africa) en verskeie kinderhuise geskenk.
- Ons hou ook twee maal per jaar GEE-WEEK waartydens nie-bederfbare kos en enige kler, beddegoed of kombuisware geskenk word aan Laerskool Generaal Nicolaas Smit wat dit, in samewerking met Cairos, in Pretoria-Wes versprei.
- Uitreike vind ook plaas na Wetnose en Generaal Nicolaas Smit.
- Plastiekdoppie-projek ten bate van Alma skool.
- Gr.12's se skoolskoene word na afloop van hul eindeksamen aan skool geskenk.

NAVRAE Salomé de Bruyn by salome.debruyne@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)



360-projek



Kaalvoetdag



Doppie-projek

OPENBARE REDEVOERING



OPENBARE REDEVOERING

GESKIEDENIS

Die skool se Debat- en Kultuurvereniging is op 21 Julie 1920 gestig. Kort daarna is die eerste interskool-debat teen die Nederlandse skool gehou. Vanaf 1931 het die skool ook by 'n redenaarskompetisie wat vir die Pretoria-skole gereël is, ingeskakel.

DEBAT

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Die skool skryf jaarliks agt junior debatspanne (drie lede per span) en agt senior spanne (twee lede per span) vir die Nasionale Debatskompetisie van die ATKV in. Sedert 2016 neem die skool ook aan die Dink-of-Sink-kompetisie deel. Van 2021 af het die skool ook by die Con Spirito-debatskompetisie ingeskakel.

Voornemende debatteerders word uitgenooi om hul slag tydens die interne debatskompetisies te wys, voordat die skool se spanne vir die onderskeie kompetisies saamgestel word.

ONLANGSE PRESTASIES

2023

Twee junior en drie senior spanne dring na die finale ronde van die ATKV deur, waar AHS die naasweners van die junior afdeling was en die tweede, derde en vierde plekke in die senior afdeling ingeneem het. In 2023 behaal Affies die eerste plek in die finale van die senior afdeling by Dink-of-Sink en die juniors is ook as die wenners en naaswenner van die finale van Con Spirito aangewys terwyl die senior afdeling geskiedenis gemaak het deur die eerste skool te word wat die Con Spirito titel suksesvol kon verdedig.

2024

Vyf spanne dring deur na die ATKV debatskompetisie se nasionale finale, drie senior en twee junior spanne. Soos elke jaar sedert 2009 het Affies ten minste twee podiumplekke op die ATKV-finaal behaal - 'n prestasie sonder enige gelyke. Ons het 'n tweede plek in die junior en senior kompetisie behaal. By Con Spirito vertoon Affies uitstekend, met twee junior en vyf senior spanne wat na die finale deurdring. Affies word die eerste skool wat die kompetisie vir 3 jaar in 'n ry op 'n senior vlak kan wen

NAVRAE Hanno Wassermann: hanno.wassermann@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

REDENAARS

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Alle leerlinge kan vir Affies se interne redenaarskompetisie (Afrikaans en Engels) en die Affie-Artes inskryf. Die seuns wat intern die beste vaar, vorm die groep wat die skool in die Nasionale Redenaarskompetisie van die ATKV, die Van Huyssteens Redenaarsfees en Radikale Redenaarsfees in Pretoria verteenwoordig. Laasgenoemde twee redenaarsfeeste gee aan individue en aan groepe in Afrikaans én Engels 'n geleentheid tot deelname.

ONLANGSE PRESTASIES

2023

Afrikaans

By die Van Huyssteens-spanredenaarskompetisie dring drie spanne na die finale deur waar die graad 12-span as die algehele wenners aangewys word. By die ATKV-kompetisie dring 17 spekers na die halfeindronde deur en vier na die finale waar AHS die wenner en naaswenner van die Senior Addisionele Taal-afdeling was.

Engels

By die Van Huyssteens Oratorical Festival dring die graad 12-span na die finale ronde van die tweetaligheidsafdeling deur en die graad 8-span wen die Pretoria Public Speaking Festival.

2024

By die Van Huyssteens Oratorfees dring vier Afrikaanse spanne en twee individue na die finale deur, waar die graad 11-span sowel die tweetalige en Afrikaans afdeling wen. Die graad 12-span wen die Afrikaans afdeling.

By die ATKV-kompetisie dring nege Affie-sprekers na die ATKV-finaal deur. AHS verower vier van die agt moontlike eerste plekke in al die kategorieë by die landsfinale.

NAVRAE

AFRIKAANSE REDENAARS

Andriëtte Jacobs
Andriëtte.Jacobs@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

ENGELSE REDENAARS

Yvonne Bredell
yvonne.bredell@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

ORKESTE



ORKESTE

GESKIEDENIS

Affies se eerste orkes, 'n Boeremusiekorkes, is in 1940 in die lewe geroep. Die sukses wat die orkes in 1941 in 'n nasionale kompetisie behaal het, het tot twee radio-uitsendings gelei. Die skool se eerste kadetorkes het in die vroeë 1950's ontstaan. In 1975 is daar met die totstandkoming van 'n kamerorkes vir die eerste keer van strykers gebruik gemaak. Sedert die totstandkoming van Affies se Musiekdepartement in 1991 het die orkeste met rasse skrede vooruitgegaan.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Die skool beskik tans oor 'n konsertorkes, strykorkes, kitaarorkes asook 'n swing-ensemble (wat hoofsaaklik musiek met 'n tipiese jazz- en swing-aanslag speel). Leerders wat musiek as vak neem, kan jaarliks oudisies doen vir deelname in die orkeste en die ensembles. Verskeie van die Affie-orkeslede speel ook in die provinsiale FAK Jeugsimfonie-orkes en Simfonia Juventi.



Affie-konsertorkes o.l.v. mnr. Floris Smith



Affie-strykorkes o.l.v. me. Carmi Viljoen

OPTREDES EN TOERE

Die Affie-orkeste tree by talle skoolfunksies op asook by interkultuurkonserte saam met Grey Kollege, Maritzburg College en Hoërskool Waterkloof. Die orkeste tree ook jaarliks by die gewilde Vierskolekonsert op saam met Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria High School for Girls en Pretoria Boys High School.

Die orkeste neem aan kunswedstryde soos die Pretoria Eisteddfod en Afrikaanse Kunsvereniging se kunswedstryd deel.

Toere word ook op gereelde basis na verskeie dele van Suid-Afrika en Namibië onderneem.



Swing-ensemble o.l.v. mnr. Braam van Tonder

NAVRAE

Arnold Cloete: arnold.cloete@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)



Affie-kitaarorkes o.l.v. dr. Thinus Boshoff

RUGBY



GESKIEDENIS 1920–2025

- 1920 Affies se rugbyklub is op 4 Mei 1920 gestig.
1921 Die eerste wedstryd buite Pretoria was teen Potchefstroom Gimnasium.
1921 Op 12 Mei 1921 is daar vir die eerste keer teen Pretoria Boys High gespeel.
1940 Affies wen die Administrateursbeker vir die eerste keer.
1952 AHS speel vir die eerste keer in die Wittrui wat ontwerp is op een van die eerstespanspelers se kombuistafel.
1958 Louis Schmidt (die oorspronklike Blou Bul) word Affies se eerste Springbok-rugbyspeler.
1999 AHS wen die Direkteurs/Beeldtrofee vir die sesde jaar agtereenvolgens.
2000/ 2015 In albei jare is daar tien Affies in die BB-Cravenweek span.
2007 Dertig spanne speel in die jaarlikse Derby tussen Affies en Pretoria Boys High teen mekaar.
2013 Die span van 2013 is die eerste span wat in 'n seisoen onoorwonne was.
2016 Ruan de Swardt word die eerste Affie en 12e speler in SA wat vir die SA-skolerugby- en krieketspan speel.

Daar word gewoonlik meer as 300 wedstryde per seisoen gespeel.

Administrateurs-Direkteurs- en Beeldtrofee (1922 tot 2006)

- 21 keer in finaal
- Wen 14 keer
- Speel vier keer gelykop

Super 12/ Super 16 (1999 tot 2006)

- Wen ses keer die finaal
- Wen vyf keer die algehele kompetisie

Noord-Transvaal en Blou Bulle finaal

- Wen 25 keer tussen 1940 en 2006

Vir meer inligting oor Affie-rugby se geskiedenis, besoek www.affiesrugby.co.za.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Affies stoot jaarliks ongeveer 30 spanne in die veld wat aan 450 seuns die geleentheid gee om rugby te speel.

Spanne: o.19 1 tot 10, o.16 A tot F, o.15 A tot F en o.14 A tot F

Affies se eerste span is jaarliks onder die top-10-skolerugbyspanne op die nasionale ranglys.

Affies se o.15- en o.18-sewesspan neem jaarliks deel aan die sewes-toernooi wat dien as Blou Bul 7's-proewe. Dit gee die spelers geleentheid om provinsiale kleure te verwerf.

Voornemende graad-agts word gedurende November van hul graad 7-jaar vir 'n rugby-oriënteringsdag by Affies genooi.

TOERNOOIE EN TOERE

Elke tweede jaar reis alle rugbyspelers vir derbies na Pietermaritzburg (Maritzburg College), Bloemfontein (Grey Kollege) en Kaapstad en omgewing (Paarl Gimnasium).

Die eerste span en A-spanne speel jaarliks in die Wildeklaar-toernooi. Die eerste span is in 2018 en 2019 na die World Schools Festival in die Paarl genooi – slegs een van twee spanne in Gauteng. Die o.6A-span neem jaarliks aan die Paarl Gimnasium-toernooi deel. Die tweedes, derdes en vierdes neem aan die Mauritz Hansen Rugbyweek deel. Die o.15's speel in die Francois Swart week (wat jaarliks by Affies aangebied word) en die onder 14's in die Outeniqua-toernooi. Die o.14-, 15- en 16C- en D-span neem jaarliks aan die Amajuba-toernooi in Volksrust deel.

Affies word ook gereeld genader om groot rugbytoernooie aan te bied. In 2010 was die skool gasheer vir die Wildeklaar-toernooi, in 2008 vir die Hoërskool Cravenweek, in 2011 vir die Cravenweek vir laerskole en in 2016 die LSEN Cravenweek. Affies se velde word ook dikwels vir oefeninge deur die Bulle en die Springbokke gebruik. AHS het verder die NoordSuid-toernooi in 2021, 2022, 2023 en 2024 aangebied.

AFFIES LEWER TOPRUGBYSPELERS OP

NASIONAAL

- 11 Springbokke: Louis Schmidt, Tonie Roux, Pierre Edwards, Grant Esterhuizen, Fourie du Preez, Wynand Olivier, Pierre Spies, Dean Greyling, Ivan van Zyl, RG Snyman en Nicolaas Janse van Rensburg
- 12 Sewes Springbokke
- 70 SA onder 19, 20, 21 en 23
- 10 Junior Springbokke/SA "A"/SA XV

NASIONALE SKOLESPANNE

- 39 SA Skole
- 21 SA Skole Akademie
- 4 SA Skole Sewes

PROVINSIALE SKOLESPANNE

- 339 NTvl Skole en NTvl/Blou Bulle Cravenweek 1946 tot 2019
- 88 NTvl/Blou Bulle Akademie en onder 19
- 26 Blou Bulle Sewes
- 122 Blou Bulle onder 17 en 16 Grant Khomo

Talle oud-affies speel tans URC, Champions Cup, Top 14 en Premiership

AFRIGTING

Afrigters kry deurlopend die geleentheid om kursusse by te woon en word gereeld blootgestel aan internasionale tendense. Nasionale sowel as internasionale afrigters bied oefen- en opleidingssessies vir Affies aan. Johann van Graan, oud-Affie en tans hoofafrigter van die Ierse klub, Munster, is 'n voorbeeld. Ander afrigters en spelers wat die afgelope twee jaar betrokke was, sluit in Pine Pienaar, Fourie du Preez en Victor Matfield.

Ons is bevoorreg dat 27 van die 36 afrigters Affie-onderwysers is. Dit beteken dat die opvoeding van die seuns steeds voorrang geniet.

Die huidige eerstespanafrigters, mnre Ruan Jacobs en Jaco Koch, is in 2024 deur Wêreldrugby as Vlak 3 afrigters, SARU se hoogste vlak, geakkrediteer. Albei is ook by o.18 Blou Bulle betrokke. Mnr. Niël Jacobs is die hoofafrigter by AHS se o.16's sowel as die Blou Bulle Cravenweekspan.

OPPONENTE VAN DIE AFGELOPE TWEE JAAR

Oakdale Landbouskool, Paul Roos Gimnasium, Paarl Boys High, Pretoria Boys High, Grey Kollege, Maritzburg College, Jeppe, Waterkloof, Diamantveld, KES, Paarl Gimnasium, Boland Landbou en Helpmekaar Kollege

KLUB 600

Klub 600 is Affies se rugby-ondersteunersklub. Die klubhuis (op die suidelike punt van die westelike paviljoen van die A-veld) is 'n gewilde kuierplek vir die skool se rugby-entoesiaste. Gerieflike sitplekke is vir klubdele langs die klubhuis aangebring.

NAVRAE

Ruan Jacobs: ruan.jacobs@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)

SKAKK



GESKIEDENIS

Die Affie-skaakklub het in 1935 onder die leiding van mnr. Lubowski (na wie die Lubowski-toernooi vernoem is) tot stand gekom. In die 1938-jaarblad skryf een van die spelers "...die skaakborde is elke pouse beset en gewoonlik is die speeltyd dan te kort vir die ywerige spelers". Omdat Affies in 1940 steeds die enigste skool in Pretoria was wat skaak aangebied het, is 'n wedstryd tussen die skool en die Pretoria Skaakklub gereël.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Benewens Affies se onder 15-, onder 17- en onder 19-skaakspanne het die skool ook 'n ontwikkelingspan vir beginners. Spanne neem aan die individuele D4- sowel as D4-span en -ontwikkelingsligas deel. Beide individuele en spanligawedstryde is die eerste stap na topskole, provinsiale en uiteindelik nasionale deelname.

OPPONENTE

In die liga is Affies se gereelde opponente skole soos Swartkop, Crawford College, Waterkloof, Menlopark, Boys High en Garsfontein. Die skaakspanne neem ook met interskole teen skole soos Grey Kollege, Maritzburg College en Helpmekaar deel.

AHS KAMPIOENSKAP EN TOERNOOIE

Die Affie-skaakkampioen word jaarliks in September tydens die Affie Interneskaakkampioenskap gekroon. In 2024 tree Wessels Grobler vir die derde jaar agtereenvolgens as die AHS-kampioen uit die stryd.

In 2024 is die AHS-ope vir die tweede jaar deur Tshwane Skaak aangebied. Hierdie geleentheid lok jaarliks byna 220 skaakspelers van alle ouderdomme.

Daar word ook aan die Grey-uitnodigingstoernooi in Bloemfontein deelgeneem, waar meer as 60 spanne van reg oor Suid-Afrika vir hul plek op die ranglys meeding.

PRESTASIEREKORD

Aan die einde van die ligarondes in 2024 dring drie van die Affie-spanne deur na die D4 skolespanliga-uitspeelrondes waar sowel die o.19- en o.15-span as weners van die D4-liga gekroon word. Die o.19- en o.15-span dring na die Gauteng Top-Skole deur. Die o.17-span behaal 'n sewende plek in Gauteng en die o.19-span eindig tweede in Gauteng.

Aan die einde van 2024 het 14 AHS-skaakspelers Tshwane-kleure verwerf tydens die Gauteng Interstreek Geslote Skaakkampioenskap.

NAVRAE

Erika Hartzenberg: erika.hartzenberg@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)



STROOM-OP



STROOM-OP



Redaksie 2024/2025

Affies se skoolkoerant, *Stroom-op*, dien as nuusblad van AHS en AHMP. Dit het in 1969 die lig gesien en is dus nou meer as 'n halfeeu oud. Elke skool het sy eie redaksie wat onafhanklik van mekaar funksioneer. Uiteindelik word die koerant as 'n eenheid gedruk en by die twee skole versprei. Daar verskyn jaarliks drie uitgawes.



Die *Stroom-op*-redaksie afgeneem tydens 'n besoek aan Maroela Media.



'n Opleidingssessie saam met nuusleser, mnr. Percivale Young.



Redaksie 2019/2020

SWIMS



GESKIEDENIS

Swem is die eerste keer in 1929 as sportsoort by Affies beoefen. In 1932 was die Afrikaanse Hoër Seunskool die eerste skool in Pretoria wat 'n swembad gebou het.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

Affies bied 'n graad 8-gala aan voordat die interhuisspanne gefinaliseer word. Twee swemspanne (ongeveer 25 lede elk) word na afloop van die interhuis saamgestel wat die skool in die Pretoria A- en B-liga en die Johannesburg A-liga verteenwoordig. Affies neem sedert 2018 aan die gesogte Westville Boys' High uitnodigingsgala en die Midmar Myl deel en bied elke twee jaar die Affie-uitnodigingsgala vir die top swemkole in die land aan. Gedurende die eerste en vierde kwartaal word daar aan verskeie vriendskaplike galas deelgeneem.

FASILITEITE

Danksy die nuwe verhitstelsel en die termiese koemlers waarmee die swembad gedurende die winter bedek word, kan oefeninge ook in die wintermaande plaasvind. In 2016 is die pawiljoene rondom die swembad opgegradeer om meer toeskouers te akkommodeer.

OPPONENTE

PRETORIA-LIGA

Cornwall Hill College, Curro Hazeldean, Die Hoërskool Menlopark, Hatfield Christian School, Hoërskool Garsfontein, Hoërskool Montana, Hoërskool Waterkloof, Hoërskool Zwartkop, Midstream College, Pretoria Boys High, St Alban's College, Tyger Valley College en Woodhill College.

JOHANNESBURG-LIGA

Jeppe High School for Boys, King Edward School, Parktown Boys' High School, Pretoria Boys High School, St Benedict's College, St David's College, St John's College, St Stithians College. (Affies is die enigste Afrikaanse skool wat in hierdie liga swem.)

SPEZIALE GALAS

Affies bied tweejaarlikse 'n uitnodigingsgala aan waarna Grey Kollege, Pretoria Boys High School, St Benedict's College, St David's College, Westville Boys High School, Maritzburg College en Glenwood High School genooi word.

AHS meet sedert 2018 by die Westville Uitnodigingsgala (Nestor Pierides Memorial Gala) kragte teen Westville Boys High School, Grey Kollege, St David's College, St Benedict's College, Clifton School, Maritzburg College, Glenwood High School, Kearsney College, Durban High School, Hilton College en Northwood School.

PRESTASIEREKORD

Affies het reeds vyf Springbokke (seniors) opgelewer.

- | | |
|------|--|
| 2020 | Die A-swemspan die eerste plek behaal in die Pretoria A- en Johannesburg seunskole A-interhoër. Die B-swemspan het die eerste plek by die Pretoria B-interhoër behaal. |
| 2021 | Geen deelname nie agv Covid-19 |
| 2022 | Die A-swemspan het die eerste plek by die Pretoria A-interhoër en die tweede plek by die Johannesburg seunskole-interhoër behaal. Die B-swemspan het die tweede plek by die Pretoria B-interhoër behaal. |
| 2023 | Die A-swemspan het die eerste plek by die Pretoria A-interhoër en die tweede plek by die Johannesburg seunskole-interhoër behaal. Die B-swemspan het die tweede plek by die Pretoria B-interhoër behaal. |
| 2024 | Die A-swemspan het die eerste plek by die Pretoria A-interhoër en die Johannesburg seunskole A-interhoër behaal. Die B-swemspan het die derde plek by die Pretoria B-interhoër behaal. |
| 2025 | Die A-swemspan het die vierde plek by die Pretoria A-interhoër en die tweede plek by die Johannesburg seunskole A-interhoër behaal. Die B-swemspan het die eertse plek by die Pretoria B-interhoër behaal. |

NAVRAE

Ferdinand Postma: ferdinand.postma@affies.co.za

Ingrid Mulder: ingrid.mulder@affies.co.za

Tel: 012 344 3805 (skoolure)

TAFELTENNIS



TAFELTENNIS

GESKIEDENIS

Tafeltennis word reeds sedert 1960 by Affies aangebied. Sedertdien word daar jaarliks in die tweede kwartaal aan die Gauteng-liga deelgeneem.

TOERE

Die tafeltennisspan reis saam met die skool om aan interskole teen Grey Kollege en Maritzburg College deel te neem.

FASILITEITE


Die skool se tafeltennislokaal spog met ses tafels en is van Maandag tot Donderdag tot die seuns se beskikking.

NAVRAE

Erika Swanepoel
erika.swanepoel@affies.co.za of 012 3443805 (skoolure)

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Drie Affie-spanne neem in die Gauteng-liga teen skole soos Pretoria Boys High, Zwartkop, Oos-Moot, Wonderboom, Pretoria Chinese School, HTS John Vorster, HTS Tuine, Overkruin, Afrikaanse Hoër Meisieskool en Waterkloof deel.



Eerste span 2024



TENNIS



TENNIS

GESKIEDENIS

Die tennisklub van die Afrikaanse Hoërskool, tóe nog 'n gemengde skool, is op 4 Mei 1920 gestig. Affies was later ook die eerste Afrikaanse skool wat in die Johannesburg-liga gespeel het.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

Die skool skryf jaarliks verskeie senior en junior spanne vir die liga in. Alle spelers ontvang ten minste twee keer per week gratis professionele afrigting.

TOERNOOIE EN TOERE

Affies ding jaarliks teen die land se sterkste tennisskole by die volgende toernooie mee: Kearsney, Paul Roos, Grey Kollege, St. Benedict's en Bethlehem. Die skool speel ook in die Pretoria-liga. In Junie 2012 onderneem 'n groep spelers 'n toer na Engeland en Skotland. In 2019, 2020, 2022 en 2023 besoek spelers Wimbledon.



Eerste Tennisspan, 2024

AFFIES LEWER TOPTENNISPELERS OP

Ryno Seegers het in 1975 die skool se eerste oudleerling geword wat Springbokkleure verwerf het. Na hom het Deon Joubert, Johan Kriek, Danie Visser en Christian Worst (Davis Cup span) gevolg. Lourens Swanepoel word vir die SA skolespan in 2023 en 2024 gekies. JP Snyman is vir die Nasionale span gekies in 2023 waar hy Suid-Afrika by die Confederation of African Tennis (CAT) in samewerking met ITF en Tennis Zimbabwe, verteenwoordig. Hy word ook gekies vir die SA 0.14 span wat deelneem aan die African Junior Championships in Togo, 2023. In 2022 word ses Affies in die provinsiale span opgeneem. In 2023 word drie Affies vir die Gauteng-Noord A-span gekies. In 2024/2025 lewer Affies vyf provinsiale spelers op.

PRESTASIEREKORD

Affies presteer jaarliks uitstekend in die ligas, veral indien in ag geneem word dat talle spanne in hoër ligas ingeskryf word om soveel as moontlik seuns die geleentheid tot deelname te gee. Daar is gemiddeld sewe junior en vyf senior ligaspanne per jaar wat aan die skoleliga deelneem.

NAVRAE Gerda Nel: Gerda.nel@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)



TONHEEL



TONEEL

GESKIEDENIS

Die Afrikaanse Hoërskool (tot aan die einde van 1929 'n gemengde skool) het vir die eerste keer in 1921 'n toneelstuk, Afrikaner-harte, opgevoer. In 1923 is die komedie, Piet se Tante, op die planke gebring.

GELEENTHEID TOT DEELNAME

Oudisies vir die volgende jaar se toneelstuk word reeds in Oktober gehou – dus word graad agts nie as spelers oorweeg nie. Hulle kan wel in Januarie oudisies doen vir die tegniese span (klank, beligting en dekor) en sodoende ervaring opdoen wat hulle 'n beter kans gee om by die volgende jaar se oudisies gekies te word. Ongeveer 20 seuns word jaarliks by die toneel betrek. Oefentye is op 'n Dinsdag van 14:00-17:00 en Donderdag van 14:00-16:00

PRESTASIEREKORD

Die volgende prestasies is die afgelope paar jaar behaal:

- ATKV landswye finaal: 2008, 2017, 2018, 2019
- Aardklop Pronk Podium-finalis 2018, 2019, 2024
- PronkPodium streekswenner 2023, 2024
- Wen Reza de Wet-toneelfees by Vryfees 2018.
- 2017: Algehele derde plek by ATKV landswye finaal. Dylan Lee ontvang die goue penning as mees belowende speler en Brandon Dippenaar kry die goue penning as beste beligtingsoperator.
- Wen Tshwane Toneelfees: 2003, 2009, 2010, 2011, 2019.
- Toekennings vir beste akteur, beste byspeler en beste regie by die Tshwane Toneelfees in 2009, 2011, 2023.
- Goue penning vir beste hoofrolspeler ATKV 2019
- Die hele toneelgroep ontvang in 2015, 2016 en 2019 goue sertifikate vir samespel by die ATKV Tienertoneelkompetisie.
- Beste tegniese span in 2023 en 2024 by PronkPodium-streeksfinaal.
- ATKV-sertifikate vir spel, regie, beligting, kostumering en grimering, en stel- en beligtingsontwerp van 2009 tot 2024



Die 2024-toneelgroep

NAVRAE

Ronel de Beer: ronel.debeer@affies.co.za of 012 344 3805 (skoolure)



WATERPOLO



WATERPOLO

GESKIEDENIS

Die Afrikaanse Hoër Seunskool bied sedert 1954 waterpolo as sportsoort aan. Die eerste wedstryd is teen Pretoria Boys High gespeel.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

Waterpolo vind in die eerste en die vierde kwartaal plaas. Die skool het tans tien spanne: onder 14A-, B-, C- en D-, onder 15A-, B- en C-, vyfde, vierde, derde, tweede en eerste span. Met 14 spelers per span gee dit 200 seuns geleentheid om deel te neem. Graad 5- tot 7-seuns kan ook by Clydesdale-klub aansluit. Doen navraag by die organiseerder onderaan hierdie bladsy.

FASILITEITE

Danksy die verhitingsstelsel en die termiese kombes waarmee die swembad gedurende die winter bedek word, kan oefeninge ook in die wintermaande plaasvind. In 2016 is die pawiljoene rondom die swembad opgegradeer om meer toeskouers te akkommodeer.

OPPONENTE

Jeppe, Pretoria Boys High, St Stithians, KES, Parktown, St Alban's, St Benedict's, St David's, St John's, Clifton, Hilton College, Wynberg en Grey Kollege.

TOERNOOIE EN TOERE

Die eerste span neem jaarliks aan die Grey Kollege Toernooi in Bloemfontein, die PBHS Festival en die Clifton Toernooi deel.

Die onder 16's neem jaarliks aan die DHS-toernooi in Durban deel. Die onder 15's neem aan die Indigo Toernooi by Parktown Boys' High en die Ian Melliars Cup by Wynberg Boys' High in Kaapstad deel asook die Reddam Helderfontein-toernooi. Die onder 14's speel in die Ken Short Shield te Jeppe High en die Grey Kollege-toernooi in Bloemfontein asook die Reddam Helderfontein-feestoernooi.

AFFIES LEWER TOPWATERPOLOSPELERS OP

Die skool het reeds sewe senior spelers opgelewer wat Springbokkleure verwerf het.

In 2013 word Nardus Badenhorst gekies om die SA-senior span te verteenwoordig by die Wêreld-kampioenskap in Barcelona, Spanje. In 2014 verteenwoordig hy Suid-Afrika by die Statebondspele in Skotland.

In 2017 word Janco Rademeyer in die oefengroep opgeneem waaruit Suid-Afrika se span vir die EU Nations Water Polo Cup gekies word. In 2017 verteenwoordig Janco en Estiaan Matthee die NTS-span by die SA-Kampioenskap.

In 2018 word Janco in die SA onder 18-span opgeneem om aan die "Africa Qualifier" teen Zimbabwe en Egipte deel te neem.

In 2021 verteenwoordig Nardus Suid-Afrika by die Tokio Olimpiese Spele.

In 2024 verteenwoordig Janco Suid-Afrika by die wêreldkampioenskappe in Qatar.

PRESTASIEREKORD

- 2018 Veertien spelers verteenwoordig NTS gedurende Desember by die SA-skolettoernooi. Janco Rademeyer word as Most Valuable Player van die toernooi aangewys en word ook vir die SA-skolespan gekies.
- 2019 Vyftien spelers verteenwoordig NTS gedurende Desember by die SA-skolettoernooi.
- 2021 Janco Rademeyer word verkies om die senior Suid-Afrikaanse span te verteenwoordig by die EU Nations-kampioenskap. Hy ontvang dus sy volle Springbokkleure.
- 2022 EU Nations-kampioenskap. Hy ontvang dus sy volle Springbokkleure. Affies het 33 seuns in die Noord-Gauteng spanne wat aan die inter provinsionale toernooi deelneem.
- 2023 Affies het 26 seuns in die Noord-Gauteng-spanne wat aan die interprovinsionale toernooi deelneem.
- 2024 Affies het 41 seuns in die verskeie provinsiale spanne



NAVRAE

Ferdinand Postma: ferdinand.postma@affies.co.za
Tel: 012 344 3805 (skoolure)

MUURBAL

MUURBAL

GESKIEDENIS

Sedert die einde van 2022 het muurbal weer amptelike status as Affie-sportsoort.

GELEENTHEID TOT DEELNAME EN ONTWIKKELING

In 2025 neem daar twee spanne aan die Gauteng-Noord Hoërskoleliga deel.

Om meer spelers geleentheid te gee om te speel, neem die skool ook tydens die tweede kwartaal aan vriendskaplike wedstryde deel. Die muurbalspan is deel van die interskole teen Grey Kollege en Maritzburg College.

Daar word ook in die derde kwartaal aan die ontwikkelingsliga deelgeneem om vir spelers die geleentheid te gee om hulle vaardighede in die sport te ontwikkel en/of op te skerp.



FASILITEITE

Die spanne oefen by Harlequins muurbalklub.



NAVRAE

Adri Odendaal
adri.odendaal@affies.co.za
Tel: 012 344 3805 (skoolure)



